waarheid & dwaling

RUGSTEUN VIR DIE AMP VAN GELOWIGE JAARGANG 6, NO 3, MAART 2000

REDAKSIONEEL

# HET DIE REËN 'N VADER?

Januarie 2000: watervloede in die Noordelike en Noordwes Provinsies lei tot mis-oeste. Februarie 2000: Sikloon Eline laat duisende in Mosambiek dakloos. Maart 2000: Sikloon Gloria bou op bo Madagaskar. Reën, reën, en nog reën. Damwalle breek, brûe spoel weg, paaie word onbegaanbaar. Siektes neem epidemiese vorms aan – cholera, malaria, bilharzia.

Die wêreld kyk na alles wat in Suidelike Afrika gebeur. Uit menslike meewarigheid word kos en medisyne ingevlieg om die ergste nood te verlig. Vanuit Suid-Afrika word helikopters gestuur om hulpelose mense van dakke en uit bome te red. Sabek-minsters hou kajuitraad om 'n gesamentlike noodplan te ontwerp. In dit alles lek die sugtende skepping aan haar wonde.

En nog is het einde niet. Want geen aardse mag kan die wolkemassas beheer nie. Geen VVO-spoedberaad gaan sikloon Gloria in toom hou nie. Geen mens sit paal en perk aan die alles meeslepende watervloede nie.

Met die aanskoue hiervan kom Job 37 en 38 helder voor die gelowige se gees te staan. 'God donder wonderbaar met sy stem; Hy doen groot dinge wat vir ons onbegryplik is. Want Hy gebied die sneeu: Val op die aarde! Ook die stortreën, ja, sy geweldige stortreëns ... Ja, met volheid van waters belas Hy die wolke, en Hy strooi ver en wyd sy ligtende wolk'. Mense gee name vir die siklone en die wolkemassas, maar die almagtige God beskik daaroor. Die Skepper van alle dinge beheer die hemelsluise. So was dit van die begin af. So sal dit altyd wees.

Dit word ook uit Job 37 duidelik wat die Here se *doel* met die watermassas is. 'Dit skiet oral rond volgens sy bestel, sodat hulle alles doen wat Hy hulle beveel oor die wye wêreldrond: òf tot 'n tugroede, òf tot nut van sy aarde, òf tot weldadigheid laat Hy dit sy doel vind.' Reën tot nut van die aarde, tot weldadigheid van alles wat leef - so ken ons dit. Mens en dier en plant kan nie sonder reën nie. Maar nou - reën tot 'n tugroede!

Dit is angswekkend. Maar so ken ons dit ook. Veral uit die sondvloedgeskiedenis. Al die lewende wesens wat op die aarde was, is verdelg, buiten hulle wat in die ark was (Gensis 7:23). Ná daardie regverdige verdrinkingsdood het God egter belowe dat Hy 'nie meer al die lewende wesens sal tref soos Ek gedoen het nie' (Genesis 8:21). 'n Tweede sondvloed sal daar nie wees nie. Die reënboog is teken daarvan (Genesis 9:8-17).

Maar wat dan van vandag se watervloede? Is dit nie soos 'n tweede sondvloed nie? Nee, dit kan nie wees nie. God breek nie sy beloftewoord nie. Vandag se watervloede is veel eerder 'n dringende oproep tot bekering. Ons word herinner aan die sondvloed van weleer, onteenseglik. Maar ons aandag word te meer gevestig op die finale oordeel wat moet kom, waarvan Petrus getuig: 'Want moedswillig vergeet hulle dat daar van lankal af hemele was en 'n aarde wat uit water en deur water ontstaan het deur die woord van God, waardeur die toenmalige wêreld met water oorstroom is en vergaan het. Maar die teenswoordige hemele en die aarde is deur dieselfde woord as 'n skat weggelê en word vir die vuur bewaar teen die dag van oordeel en die verderf van die goddelose mense' (2 Petrus 3:5-7).

Het die reën 'n vader (Job 38:28)? Is iemand in beheer van die vernietigende watervloede? Ja, die reën hét 'n vader: 'n Vader wat regverdig en barmhartig is. 'n Vader wat uit liefde tug, sodat sy kinders hulle hartgrondig tot Hom sal bekeer. 'n Vader wat die goddelose skepping in 'n krisis dwing. Die tekens van die tye gaan by geen mens ongesiens verby nie. Christus se wederkoms is op pad. Dit is vir ons om in afwagting van Sy koms kinderlik gehoorsaam volgens Vader se verbondseise te leef, sonder beterweterigheid en teëpratery.

Dit reën geen druppel te veel nie. Of te min nie. Dit kan ons alleen maar in geloof met ontsag beaam.

*1 Joh 4:6*
"Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"

INHOUD


1 **Redaksioneel**
*Het die reën 'n vader?*
2 **Skrifoordenking**
*God het ek lief*
Prof JD du Toit (Totius)
3 **Fokus**
*Huil die leser*
Ds ALA Buys
4 **Op die kerkerf**
*God sê*
Dr JG Meijer
6 *Reaksie op die vaste fondament*
Redaksie
6 **Boekbespreking**
*Die Bybellennium (3)*
Ds HLJ Momberg
8 **Aktueel**
*Polemiek - 'n moenie of 'n moet?*
Dr JG Meijer
11 **Persskou**
• *Onderteken geloofsverklaring 2000!*
• *Geloofsverklaring 2000 dalk 'n beleidsdokument*
• *Geloofsbelydenis 2000?*
• *Vraagtekens oor status van geloofsverklaring 2000*
• *Gereformeerd in Afrika*
Ds GJ Meijer


## Redaksionele nota

Die redaksie poog om deur middel van e-pos so wyd as moontlik kontak te maak met reeds bestaande intekenare en met mense wat nog nie op die blad ingeteken is nie. Sal u asseblief e-pos adresse van vriende, familie of kollegas aan ons beskikbaar stel om ons netwerk uit te brei? U kan dit aan ons pos by die vermelde adres op bladsy 2 van hierdie uitgawe, of dit elektronies pos aan **gjmeijer@mailroom.com.**

Prof. **JD du Toit** (Totius), *Het Kerkblad*, 15 Januarie 1921 (vertaal).

*Psalm 116:1*

**Ek het lief, want die HERE hoor my stem, my smekinge.**

**SKRIFOORDENKING**

# 'God het ek lief'

... *'God* het ek lief' - so staan dit in die berymde psalm.

Die bedoeling van die digter is hiermee skoon en suiwer weergegee; die verband wys uit dat God en niemand anders nie as God die voorwerp van sy liefde is. Maar tog is die toon van die onberymde psalm inniger, dieper en voller. Die sanger sê in die oorspronklike nie *wie* hy liefhet nie. Hy voel nie behoefte daaraan om dit daarby te sê nie. Hy kàn dit selfs nie daarby sê nie. Dit sou vir sy eie hart 'n belediging wees as hy dit daarby sou sê. Hierdie hart het immers nie 'n keuse tussen baie nie; dit is geheel en al van die gedagte aan die Een vervul. En daarom sing die psalmis skynbaar baie algemeen en onbepaald maar in werklikheid so persoonlik en bepaald as wat maar kan: 'Ek het lief!'.

Herken ons hier die suiwerheid van sy liefde?

Kyk na die bruid wat met haar oorvloeiende hart alleen is om haar in haar ryk geluk te verdiep. Daar is nie 'n menseoog wat haar sien en wat haar dwing om haar in haarself op te sluit nie. In maagdelike skugterheid laat sy die volheid van haar gemoed uitvloei in 'n jubeltoon wat soos 'n segelied klink: 'Ek het lief' ... so ruis dit van haar lippe. Sou dit nie 'n krenking vir haar hart wees as aan hierdie jonkvrou gevra word om die versweë naam hier te noem nie? Juis die swye oor dié naam verraai dat hy haar hele wese vervul en dat sy aan niemand anders as aan hom, aan hom alleen, kan dink nie.

Roep ook voor u aandag op die jong vrou wat die eerste moederweelde kon smaak. Sy verlustig haar in die aanblik van die beminlike kind. Vlees van haar vlees. Been van haar gebeente. Hart van haar hart. Sy kan daarvan nie genoeg kry nie. Haar siel swel uit en word wyd binne-in haar. In dankbaarheid sing sy uit met trillende lippe: 'Ek het lief' ... Is dit vir hierdie moeder nie 'n koue wind wat teen haar waai as iemand haar vra wie hierdie liefde nou eintlik geld nie.

Dink ten slotte ook aan die psalmis. Daar is Een wat hom wonderbaar uit die kake van die verderf gered het. Alles, alles het hy aan Hom te danke. Sy hele hart word 'n psalm om daardie Een te loof. Soos die moeder net dink aan die vrug van haar skoot en die beskroomde bruid aan die bruidegom van haar siel, so dink hy net aan God, wat vir hom meer as die lig van sy oë is. Hom noem? ... Dit is heeltemal oorbodig. Hy sing nie vir ander nie; hy sing vir homself, en sy hart kèn die naam. Drie kort woorde is vir hom genoeg, maar dit is woorde waarin 'n ganse hemel vol heilige engele juig: 'Ek het lief.'

'Ek het lief!' - *dit* is die grondtoon van die psalm. Is dit ook die grondtoon van *ons* levenspsalm?

'n Lewe sonder liefde - laat dit maar sonder aardse liefde wees - is die naam lewe nie werd nie. Die selfsug is kil soos die dood, hartloos soos die dood, skrikaanjaend soos die dood. Ons vlug vir mense wat niks anders as hulleself soek nie en wat soos die see al die riviere na hom toe trek maar nooit vol word nie. Hulle neem maar gee nie. Hulle laat hulle dien maar dien nie. Hulle voed hulle met die bloed van hulle broer maar stel nie 'n nerfie van hulle eie lewe tot sy beskikking nie ...

Maar nou kom die wonder van die alles vermoënde liefde. Laat hierdie selfsugtige harte 'n bietjie leer om die saligheid daarvan te smaak; laat hulle vir die eerste keer uit innerlike aandrif die drie woorde spel: 'Ek het lief' ... en, nie waar nie, dit bring 'n soort herskepping in hierdie kil harte teweeg. Die lente breek uit die dooie winter te voorskyn; die wonderbare aar van die liefde laat die kaal stam uitbot in die fris, groen blad: dis die ene blanke bloeisel; dit word die ene verkwikkende vrug. As die liefde van mens tot mens die lewe so verryk en verheerlik, hoe moet dit dan nie by die liefde tot God wees nie?

As hierdie liefde die lewe binnekom, kom ook die erns die lewe binne. Die bruid het die ware doel van haar lewe deur haar liefde ontdek. Sy bestaan vir die bruidegom. Sy arbei vir die bruidegom. Sy tooi haar vir die bruidegom. Die slag van haar hart, die lig van haar oog, die werk van haar hand, die denke van haar brein - dis alles vir die bruidegom om hom daarmee te dien. Die bruidegom vul haar lewe geheel en al. Al sien sy hom nie, al is hy na die liggaam ver van haar af, haar hart is altyd met hom besig, en selfs in haar onbespiede gedagtes soek sy om hom te behaag.

O, ons sing so vlot: 'God het ek lief!'

Daardie sang klink dikwels vals as ons dit aan die reine bruidsliefde toets. God is nie altyd die skoonheid en die glans, die krag en die doel van ons lewe nie. Ons vermy nie altyd sorgvuldig wat Hom mishaag nie, en wat sou Hom meer mishaag as die sonde? Ons skik ons wil nie gretig na syne wanneer dit teen ons s'n indruis nie; die harde juk wat Hy ons oplê, noem ons nie altyd sag nie, en die swaar las noem ons nie altyd lig nie, en tog sing ons maar dat die kerkmure soms dreun: 'God het ek lief!'

Om hom lief te hê is om afstand te doen van ons self.
Om hom lief te hê is die oorgawe van ons persoonlikheid.
Om hom lief te hê is die lus om 'n offer te wees. Nie om 'n offer te bring nie 'n offer van ons goud, ons tyd, ons krag nie maar om 'n offer te wees, 'n brandoffer wat op die altaar verteer word en in die stil vlam heeltemal opstyg tot die verheerliking van God. Om God lief te hê is iets geweldigs.

Niemand is uit homself daartoe bekwaam nie. Ons is van nature geneig om God en ons naaste te haat. Maar as die liefde van God in Christus ons aanraak en as sy Gees ons haatdraende hart vernuut, dan keer hierdie goddelike mededoë soos die lig wat in 'n spieël weerkaats word, as wederliefde na Hom terug en sit hierdie hart die lewenspsalm in met die jubeling van die dankbaarheid: 'Ek het lief - God het ek lief!'


*Redaksie:*
Ds ALA Buys
Ds GJ Meijer
Dr JG Meijer

*Eindredaksie:*
Dr JG Meijer
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 329-1465

*Medewerkers:*
Prof JC Coetzee
Prof L Floor
Prof GJC Jordaan
Dr JM Boon

*Administrasie-adres:*
Waarheid en Dwaling
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 335-9134
(Mev Hanneke Das)

*Intekengeld:*
R 70 per jaar

*Taalkundige versorging:*
Mev Rita Botha

*Tegniese versorging:*
Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031
E-pos: printbur@mweb.co.za

# Huil die leser

**Ds ALA Buys**, Piet Retief

**Ons ken almal die woorde waarmee 'n getuigskrif begin: Heil die leser. In Latyn beteken dit 'redding en verlossing aan die een wat lees'. Dit sou tog by uitstek, al is dit beeldend bedoel, van toepassing wees by gelowiges wat die Bybel lees. 'n Seënwens: mag hulle heil vind by die lees daarvan. God se getuigskrif oor Homself aan die mens. Dit is waarom God ook Homself so openbaar – heil die leser van die Heilige Skrif.**

Alhoewel daar baie dreigemente en oordeel-uitsprake in die Skrif voorkom, is God se eerste bedoeling redding, bekering, verlossing. Wie sy rug op daardie getuigskrif draai, word ook begroet met die gevolge daarvan. Tog is God se Woord nie eerstens daar om vuur te spoeg nie, maar om sy liefde te verklaar.

Dit is al 'n bietjie holrug gery om te sê die manier van Bybel lees is onder die spervuur. Dit was nog altyd so en sal nog vorentoe ook so wees. Tog moet ons katvoet loop dat ons argumente en debatte wat tans in die kerk aan die gang is, terugherlei na sy oorsprong, naamlik ons verstaan en lees van die Skrif. As ons dit nie doen nie, kan ons dalk verlei word om nuwe argumente plek te gee in ons denke, menende dat ons met reformasie besig is, sonder dat ons agterkom dat ons eintlik ons rug op die getuigskrif van God gedraai het.

## By-lees

Lees 'n mens die briewekolomme in die dagpers oor ons afgelope sinode in Potchefstroom, dan blyk dit duidelik dat die gevaar nie denkbeeldig is nie. Die nuwe manier van lees is 'n saamgesels met God. Niemand wat sy post-moderne sout werd is, wil meer voorgesê word wat om te dink en te doen nie. Geen 'literatordiktator' word meer geduld nie. Die mense lees nie meer *net* die Bybel nie. Hulle lees wyd, ook op die internet. Die verskynsel van by-lees is opsigself nie so kraakvars nie. Wat tans nuut is, is dat die Bybel *nie* meer gelees word as die *enigste* gesagsbron nie. Om die waarheid te sê, die post-moderne tydgees kom ewe skynheilig met die volgende stelling die kerk ingesluip: Ons wil in God glo, ons het behoefte aan 'n suiwer ongekontamineerde ervaringskontak met God.

Daar is net een probleem – hoe kom ons tot kennis van God? Is God nie eintlik, na alles, maar die groot onbekende X-faktor nie? Ja, goed, die Skrif is daar. Maar die Skrif kort uitleg, en uitleggings verskil. Dominees preek nie dieselfde nie. Party raas. Party troos. Sommige vrees dat die hel deel van die heelal is. Ander sê die hel is nou op aarde waar daar onderdrukking is. Op internet kan jy as 't ware 'n 'dial-a-sermon-service' raakloop wat jou vrese verjaag of opjaag. Dit bevestig die vermoede dat die waarheid onbekend bly – vir solank as wat ek nie myself in my lewe daarmee vertroud gemaak het nie.

Hier is die hart van die nuwe Skriflees-klub se riglyn: Alles is eintlik onbekend. Tog is mens se eie ervaringswêreld 'n vertrekpunt. Daar is een onaangename punt wat geen mens kan keer nie. Die dood. Dis 'n onontkenbare ervaringswerklikheid. Begin dáár met jou Skrif lees. Met jou eie werklikheid. Gaan met jou vrae, met jou konteks na God. Gebruik die Skrif, nie soos 'n legkaart waar jy naderhand al hoe meer die prentjie begin eien nie, maar gebruik die Skrif soos klei om dit te vorm waarmee jy gelukkig, gemaklik en tevrede voel.

In die post-moderne hermeneutiek staan dit bekend as die rol wat die leser in die verstaansproses speel. 'n Nuwe kreatiewe rol. Jy help God om vir jou die waarheid pasklaar in jou lewe te skryf. Alleen kan jy dit nie doen nie. Daar is genoeg wrakstukke in die geskiedenis om allenige seevaarders se rampspoed aan te toon, ook in die teologie. Nee, die post-modernis, binne of buite die kerkmure, wil gehelp wees. Hy maak geensins aanspraak om self die volmaakte waarheid in die sakkie te hê nie. Hy wil gehelp word.

## Hulp aan God

Maar hy is ook baie hulpvaardig. Hy wil doen wat nog nooit voorheen gedoen is nie. Hy wil God help om Homself aan die mens te openbaar. As die Here bestaan, maar onbekend is, dan moet ons maar 'n leer na die hemel bou. Nie so blatant soos Babel wat niks met God te doen wil hê nie. Geen Babelse hemelbestormers nie, eerder 'Bybelse' hemelklimmers. God gee èn ek gee. God skryf (of eerder, ek lees wat ander in hulle worsteling oor Hom skryf) en ek lees. God skryf onduidelik. My leeswerk bring die duidelikheid. Heil die leser. Ek lees my verstaan in die Bybel in. Ek sit 'n handjie by in die openbaringsproses. Ek vind in die Bybelteks baie handige leidrade en boublokke waarmee ek my eie waarheid, in God se Naam, met sy woorde, saamstel. Die (gereformeerde?) post-modernis wil nie die die Bybel by die venster uitslinger nie. Hy wil die Bybel onder hande neem. Hy het die Bybel nodig, die woorde om sy eie waarde daaraan toe te skryf. Heil die leser! Nie heil aan die leser nie, maar heil vanaf die leser. Ek het my oë nodig om gered te word. My leesbril is die belangrikste ikoon in die kerk. Hoe sou ek anders blywend dapper kon bly glo dat ek steeds moet twyfel as dit nie vir my lees, my verstaan, my oopmaak van die woord, my openbaring aan myself, was nie. Wie is nou meer geskik om iets aan my eie unieke individuele soekende siel te verduidelik as ekself – met God se leidrade. My eie kontekstuele oë is die openbaringsinstrument. Heil aan my die leser. Heil van my die leser.

Prof. HM Kuitert (en Willem de Klerk praat in sy laaste boek 'Die vreemde God en sy mense' net so) skryf in sy (berugte) boek 'Het algemeen betwyfeld christelik geloof' dat 'alles van benede kom, al word gesê dat dit van bo kom'. Al wat ons in die kerk het, is die christelike tradisie, en ons kan nou self voortborduur op die kontoere van ons eie kaartleeswerk om ons eie tradisie te skep en voort te sit.

## Hemel net op aarde ?

As ons van benede self na bo moet kom, hoe troosteloos is die situasie nie. Wat is die christendom dan anders as die heidendom? As alles wat in die kerk gesê word, van onder kom, en onder bly, wie kan dan nog enige hoop hê? Dis hartseer. Die hartseer gee hartsweer. Soos die profete van ouds kan ons uitroep: Wee, wee. Beween jouself en klaag. Huil, huil - die leser. As jy met jou eie verstaan, uit jou eie konteks die helfte van die waarheid moet openbaar .... Om gered te word !

Huil dan, leser, want jy het jou eie god geword. Al wat jy gaan raaklees is jou self met 'n god wat soos jy self lyk. Onvolmaak, kwesbaar, bang vir die dood en hakkelend, skugter om oor die waarheid te praat.

Aan die post-moderniste sê ons: Dra julle godjie nie aan op die kansels nie. Bring hom nie met jou bril by die sakramente nie. Jy kan nie self openbaar nie, jy kan nie help openbaar nie. God spreek. Ons luister. So oud. So goud. God se getuigskrif wat in Jesus Christus, die Woord van God, aan ons sê: Heil die leser.

# GOD SÊ

Dr JG Meijer, Pretoria

**Woord, kerk, amp, bely ... Die Heilige Gees bring en lei ons deur hierdie vier in sy kragveld. Hy maak dooies lewend en maak hulle aktief. Mense ken die Here, loof Hom, aanbid Hom, dien Hom. Die reeks artikels hieroor verken die amp van gelowige in sy diepte en breedte. Die doel hiermee is om die bediening van dié amp in die hele lewe te stimuleer.**

Die eerste artikel van die reeks (in die laaste nommer van 1998) gaan oor die *Woord* en die *kerk*. Volgende artikels behandel die roeping van die *amps*draers in die kerk. Vanaf Julie 1999 tot Januarie 2000 word moderne *aanvalle* op die Woord teëgestaan.

Ons vertoef nou 'n oomblik. Ek kyk terug en vorentoe. Die kort oorsig van die afgelope trajek dien eerstens om nuwe lesers te oriënteer. Dit dien tweedens om die waarde van Woord, kerk, amp en bely te takseer. Watter een van die vier is die belangrikste? En waarom? Hierdie terugblik dien ten slotte om insig in die opdrag met hierdie reeks vorentoe te verdiep.

Daar is baie boeke in die wêreld. Mense laat hulle stemme hoor. Daar bestaan slegs een Boek wat van Bo kom. Die stem van God klink in sy Woord, die Bybel. Die kerk hoor die Woord. Ampsdraers bedien die Woord. Gelowiges bely die Woord. Sonder Woord is die kerk, amp en bely ondenkbaar. Daarom is die Woord, wat die diens van God in die kerk, amp en bely laat ontstaan en beheers, die belangrikste.

God sê. Wat behels dit? Wat leer die Skrif oor ons *sprekende* Here? Wat bring sy woorde tot stand?

## Skepping deur die Woord

'n Psalmdigter jubel: 'Deur die Woord van die HERE is die hemele gemaak en deur die Gees van sy mond hulle hele leër'.[1] Hierdie psalm lei ons gedagtes na die eerste bladsye van die Bybel. God skep die hemel en die aarde en Hy berei in ses dae die aarde toe om bewoon en bewerk te word. Hoe doen Hy dit? Elke nuwe dag begin met die refrein: 'God het gesê', en word afgesluit met die woorde: 'En dit was so'. Hy spreek en dit is; Hy gebied en dit staan.[2]

Wie is dit wat die dinge wat nie bestaan nie, in aansyn roep? Hy is God, ons drie-enige God. Nie alleen die Vader en die Gees nie, ook die Seun skep. 'Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie.'[3]

Genesis 1 - Die drie-enige Here stel Homself aan ons bekend. Hy sê ... en dit is daar! Hy betoon sy almag, wysheid, goedheid. Die Here se deugde glans skitterend. Woorde van God is nie net woorde nie. God sê en dit *is* daar. Sy woorde gaan gepaard met dade. Wat Hy sê, doen Hy.

Die Heilige Gees vervul elke gelowige by die oordenking van Genesis 1 met diep ontsag. En Hy roep alle skepsels, die mens voorop, tot die lofsang. 'Laat hulle die Naam van die HERE loof; want Hy het bevel gegee - en hulle in geskape.'[4]

Wetenskaplikes mag die aarde en die heelal ondersoek. Wie egter tot die ontstaan van alle dinge wil deurdring en die openbaring in Genesis 1 verwerp, dring God se geheim binne. So 'n persoon kom nie tot die lof aan sy Skepper nie. Mag sulke wetenskaplikes nederigheid leer uit God se vraag aan Job: 'Waar was jy toe Ek die aarde gegrond het? Gee te kenne as jy insig het. Wie het sy afmetinge bepaal? - jy weet dit mos!'[5] En mag die indringer in God se geheim kom tot die reaksie van Job: 'Kyk, ek is te gering. Wat kan ek U antwoord? Ek lê my hand op my mond'.[6]

## Die Woord van die verbond

Onmiddellik na die skepping van die eerste mensepaar spreek God met hulle. God sê ... en dan gee Hy die kultuuropdrag,[7] asook die bevel om nie van die boom van die kennis van goed en kwaad te eet nie.[8] God verbind Adam en die mannin aan Hom. Hy belowe hulle die ewige lewe. Die simbool daarvan is die boom van die lewe in die midde van die tuin.[9] Hy beveel hulle in die proefgebod om Hom lief te hê, te dien en gehoorsaam te wees. En Hy bedreig hulle met die ewige dood, as hulle van Hom afvallig word. Die dag as jy van die verbode boom se vrug eet, 'sal jy sekerlik sterwe',[10] sal jy - volgens die grondteks - die dood sterwe, die tweede dood. Die woorde wat God vir die eerste mense sê, is belowende, bevelende en bedreigende woorde, en daarom verbondswoorde. God sluit met sy eerste woorde na die skepping sy verbond met die mens.

Die mens verbreek die verbond wat God in goedgunstigheid met hom gesluit het. Adam en die mannin gaan 'n verbond met die slang (die duiwel) aan. Dit word deur God se genade 'n heillose verbond van een dag. Die Here gryp in deur ... te spreek. God sê vir die slang: Ek stel vyandskap tussen jou en die vrou ... Die saad van die vrou kom tot verlossing en sal uiteindelik die satan oorwin.[11] Die Here neem die afvallige mens in genade aan. Hy handhaaf sy oorspronklike verbond met die mens in sy genade-verbond. Hy betoon na die sondeval genade, guns wat die mens deur sy sonde verbeur het.

Die genadeverbond deurloop 'n geskiedenis. In die loop van die tyd ontwikkel sy blomknop-gestalte in die uur na die sondeval tot die volle blom na die koms van God se Seun in die vlees. Na die ondergang van die eerste mensheid in die sondvloed spreek die Here met Noag. Hy bevestig sy genadeverbond en voeg onder meer die doodstraf by.[12]

Opnuut staan die mensheid teen die Here op. Na die afval by die toringbou in Babel volg God se roeping van en verbondsluiting met Abram. Die bedding van die verbond loop voorlopig deur een volk, die volk van Abram. Die genade-deur-reg-karakter van die verbond word onderstreep deur die bloedstraat waarop God tot Abram kom[13] en die bloedige verbondsteken van die besnydenis.[14] Versoeningsbloed moet vloei.

Die knop van die verbond gaan nog wyer oop by die verbondsluiting met Israel in die woestyn. Moses herinner daaraan in sy afskeidsrede: 'Die HERE onse God het by Horeb met ons 'n verbond gesluit. Met ons vaders het die HERE hierdie verbond nie gesluit

[1] Ps 33:6.
[2] Ps 33:9.
[3] Joh 1:3.
[4] Ps 148:5.
[5] Job 38:4-5; sien die hele hoofstuk.
[6] Job 39:37.
[7] Gen 1:26-28.
[8] Gen 2:17.
[9] Gen 2:9.
[10] Gen 2:17.
[11] Gen 3:15.
[12] Gen 9:1-17.
[13] Gen 15.
[14] Gen 17:1-14.

nie ... Van aangesig tot aangesig het die HERE op die berg uit die vuur met julle gespreek'.[15] Die vaders het nog nie al die seremonies en heenwysings van die wet na Christus gehad nie.

Met die koms van Christus gaan die blom van die genade-verbond heeltemal oop. Die beloftes van Hom wat kom, word vervul in Hom wat gekom het. Die heenwysings na sy koms hou op. Die verbondsgeskiedenis wat in die Ou Testament beskryf is, word plotseling die ou verbond. Ons lewe nou in die tydperk van die nuwe verbond.[16]

Hoe het die vernuwing van die verbond elke keer plaasgevind? Die Here het gesê, voortgaande genadebetoon en verbondswraak aangekondig en daarmee telkens 'n nuwe situasie'tot stand gebring. 'Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun'.[17] In die Seun het Hy alles gesê wat Hy te sê het en alles gegee wat Hy voor die jongste dag aan sy volk wil gee.

Hy wat op die eerste bladsye van die Bybel sê ... en dit is so, sê in die voorlaaste vers van die Skrif deur die Seun: 'Ja, Ek kom gou'.[18] Onse Here is die sprekende God. Ons ontmoet op elke bladsy van die Woord die Spreker. Namate sy woorde toeneem, skenk Hy meer gawes, word ons verantwoordelikheid groter en sy bedreiging oor verbondsbreuk ernstiger.

## Woord en kerk

God sê ... Hy spreek in sy skeppingswoorde en dit kom tot stand. Hy spreek tot die mens en sy verbond met die mens kom daarmee tot stand. Hy spreek deur profete en apostels en laat sy woorde geskied.

God sê ... Die inhoud van sy woorde vorm die fondament van die kerk. Die kerk word 'gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is'.[19] Die kerk lewe uit die bron van Hom wat spreek. God vertrou sy woorde aan haar toe[20] met die opdrag: Bewaar wat in die Skrif geskrywe is.[21] Lidmate van die kerk, lewe almal daaruit. 'As iemand spreek, laat dit wees soos woorde van God.'[22]

Die ware kerk is kenbaar aan die omgang met die hoogste Spreker. Die kerk is daar waar 'almal hulle ooreenkomstig die suiwere Woord van God gedra, alles wat daarmee in stryd is, verwerp en Jesus Christus as die enigste Hoof erken'.[23] God sê ... Die kerk word geregeer en beheers deur die Woord. Die Gees laat die kerk in die sy kragveld bly.

## Bediening van die Woord

Die Here roep sommige lidmate om as ampsdraers (bedienaars van die Woord, ouderlinge en diakens) in die kerk te dien. Die Gees maak hulle bekwaam. Hulle ontvang 'n omvangryke opdrag in die kragveld van die Gees. Hy gebruik hulle om moederdiens te verrig, kinders deur die verkondiging van die Woord voort te bring[24] en die lidmate vir hulle dienswerk toe te rus.

My uitgangspunt vir die beskrywing van die toerustingstaak is die volsin in Efesiërs 4:11-16. Die ampsdraers stel by die toerusting van die lidmate vir dienswerk in die kerk drie doelstellings. Hulle strewe eerstens na die eenheid van die geloof. Vervolgens gee hulle aandag aan groei in die geloof. Sowel die lammers van die kudde as die volwassenes moet steeds meer in Christus opgroei. Hy wil geken word as Man van smarte wat ons sonde op die vloekhout weggedra het en as die verheerlikte Heiland wat die lewe deur sy Gees en Woord vernuwe. Volwasse-wording in die geloof is onder meer sigbaar in die vermoë om waarheid en dwaling skerp te onderskei, die stem van die Here te ken en Hom liefdevol te bly dien.

Ampsdraers bedien die Woord. Hulle gesag is dienend. Hulle bedien die gesag van Christus. Hulle leer die gemeente om te lewe uit die Woord wat God sê.

## Aanvalle op die Woord

Die Here waarsku in sy Woord teen valse profesie. Dié kwaad wat die ou verbondsvolk reeds moes bestry, steek in alle tye kop uit. Die Skrif, die Woord van God, word vandag aangeval tot in moderne Bybelverklarings. Dit word aangetoon in hierdie artikelreeks (Julie 1999 tot Januarie 2000), in ander rubrieke van *Waarheid en dwaling* en laastens in die bespreking van die *Bybellennium* in ons blad deur ds Momberg.

Ek noem hier kortliks drie fronte. Op front een word ons gekonfronteer met die stelling: Die Bybel is nie die Woord van God nie, maar slegs 'n menslike getuienis oor ervarings met God. Die Skrif is nie openbaring van God nie, maar 'n loergaatjie na 'n vreemde God. 'God sê' word ontken, verloën.

Front twee is gevaarliker. Die teenstander kom in die gewaad van 'n gelowige. In werklikheid word die inhoud van die Skrif verdraai.[25] Dit gebeur deur die kulturele omgewings waarin die Skrif tot stand gekom het, nie tot verheldering van Skrif-tekste aan te wend nie, maar die teks se betekenis te laat verander. Skrifverdraaiing geskied ook deur die Skrif by ons leefwêreld aan te pas, pleks van om ons lewe aan die Woord te onderwerp. Op front twee word 'God sê' daadwerklik vervang deur 'die mens sê'.

Op front drie word die helderheid van die Skrif misken. Die Woord word as 'n duister boek beskou, veral vir die mens van die 21ste eeu. Moderne teoloë stel hulleself tussen die Woord en die kerkvolk. Die helder lig wat die Skrif uitstraal, word afgeskerm. Teoloë vorm die skerm. Lidmate wat hulle volg, dink dat hulle in duisternis verkeer. Arme mense. Hulle ontvang van hulle 'Skrifgeleerdes' wat hulle in die donker ingepraat het, kunsliggies, moderne interpretasies. Hierdie teoloë durf nie meer sê: 'So spreek die Here' nie. In kwasi-beskeidenheid sê hulle: Ek gee slegs my interpretasie van die teks. 'God sê' word vervang deur 'ek meen'. Die einde hiervan? Die totale betwyfeling van die ontwyfelbare christelike geloof.

Die kerk wat in die kragveld van die Gees lewe, laat hom nie beroof van dit wat God sê nie. In haar midde word hierdie rowery met alle krag weerstaan, tot in die liefdevolle uitoefening van leertug.

## Die koninklike Woord

Intussen is die behandeling van die ampsdraers se take nog nie afgehandel nie. Die besinning hieroor is tydelik onderbreek ten einde aanvalle op die Woord te weerstaan. Die heiliges moet toegerus word vir hulle dienswerk. Hulle diens is nie tot die kerklike lewe beperk nie, maar strek oor die hele lewe. Hulle moet *in alles* opgroei in Hom wat die Hoof (van kerk en lewe) is, naamlik Christus. So sê God in Efesiërs 4:15. Hier kom die koninkryk van God ter sprake.

Verder moet die vierde saak in die kragveld van die Gees nog aandag ontvang, naamlik die *bely*. Volgende maand begin ek DV met die besinning oor die toerusting van die heiliges vir hulle dienswerk in die koninkryk van God.

---

[15] Deut 5 :2-4.
[16] Vgl. Jer 31:31vv; Heb 8:6-13.
[17] Heb 1:1.
[18] Op 22:20.
[19] Ef 2:20.
[20] Rom 3:2.
[21] Op 1:3; vgl. onder meer 1 Tim 5:20.
[22] 1 Pet 4:11.
[23] NGB, art. 29.
[24] 1 Pet 1:23-25.
[25] 2 Pet 3:16.

# REAKSIE OP VASTE FONDAMENT

Redaksie

Vanaf Julie 1999 is ses artikels oor die fondament van Die Gereformeerde Kerke in *Waarheid en dwaling* gepubliseer. Die artikelreeks is geskryf as voortsetting van 'n pers-gesprek wat met prof. JM Vorster en dr CJ Smit oor die onderwerp gevoer is. Laasgenoemde het volgehou dat afwyking van die vaste fondament in Die Gereformeerde Kerke nie bewys is nie.

In die artikelreeks is gewys op die kerk wat gebou word op die fondament van die apostels en die profete, die Heilige Skrif. Daar is bewys gelewer hoe daar in ons midde van die fondament afgewyk word. Die Skrif word onder meer beskou as:

- 'n menslike getuienis oor geloofsaangeleenthede (dr Gerrie Snyman en dr Willem de Klerk),
- 'n tydgebonde boek wat by ons omstandighede aangepas moet word (Klassis Boland oor die vrou in die amp, 1994),
- 'n boek wat innerlik teenstrydig is (Klassis Boland oor die vrou in die amp, 1997), en
- 'n moeilike boek wat sonder bemiddeling van teoloë nie verstaan kan word nie (dr Neels Smit oor die interpretasie van die Skrif).

Die gevaar van die afwykings is met vers en kapittel uiteengesit.

## Reaksie

Dr CJ Smit reageer soos volg op die ses artikels:

> *Dit is hoflik van dr Meijer om 'n spesifieke uitnodiging aan my te rig om op sy artikels, waarin hy in polemiek met my wil tree, te antwoord. Ek reageer graag soos volg:*
>
> *By al die waardering wat ek vir 'n suiwer Skrifbeskouing en die handhawing van die Skrifgesag het, waarvoor dr Meijer hom ongetwyfeld wil beywer, vind ek dit 'n nuttelose oefening dat ek en hy in reekse artikels teen mekaar standpunt moet inneem oor sy uitgesproke agterdog oor die regsinnigheid van sommige professore aan die Teologiese Skool. Dit lyk my nie of so 'n skrywery, waarin die een die ander naderhand met woorde 'n vlieg probeer afvang, vir enigiemand tot opbou kan wees nie. Bowendien is dit nie die wyse waarop die bepaalde aangeleentheid hanteer moet word as 'n mens daarvan oortuig is dat jou agterdog op bewysbare gronde berus nie.*

## Kommentaar

Enkele vrae aan die adres van dr Smit:

1 Waaruit blyk in u reaksie 'al die waardering' wat u vir 'die handhawing van die Skrifgesag' het?

2 Waar in enige van die ses artikels kom 'uitgesproke agterdog oor die regsinnigheid van sommige professore aan die Teologiese Skool' voor?

3 Waarom kan 'n pers-gesprek (polemiek) oor handhawing van die Skrifgesag en eerbiediging van die Skrifgeloof nie 'vir enigiemand tot opbou' wees nie?

4 Op watter wyse moet openbare afwyking van die Skrif – soos in die ses artikels aangetoon is – volgens u hanteer word?

## Slegs een opmerking

Dr Smit bly – soos in die verlede – skriftuurlike argumente wat aangevoer is, van sy tafel vee. Dit mag ons in die kerk van Christus nie doen nie. Sake moet saam uitgepraat word tot eer van God, tot bewaring van sy Woord en tot behoud van sy volk.

---

BOEKBESPREKING:

# DIE BYBELLENNIUM (3)

Ds HLJ Momberg, Pretoria

**Tydens 'n boekbespreking by die UP het prof Wil Vosloo, een van die hoof-redakteurs van die Bybellennium, bepaalde perspektiewe duidelik gemaak. Perspektiewe wat die lesers goed moet begryp wanneer hulle hierdie boek lees.**

Dit was van die begin af beplan om 'n populêr-wetenskaplike boek te wees, wat binne die tydgees van die postmodernisme gegiet is. Die sentrale uitgangspunt vir die publikasie was om 'n verklaring te verskaf van die Bybel wat vir vandag (let wel) relevant is. Daarom moes dit ook noodwendig as 'n opvolgpublikasie op 'Die Bybel In Praktyk' verskyn. Die rede daarvoor is nie omdat die betekenis noodwendig verander nie, so is die mening, maar omdat die mense se vrae en probleme verander. Ons sien hiermee duidelik wat by die medewerkers aan hierdie boek die uitgangspunt vir Bybelverklaring was. Die uitgangspunt is dat die mens met sy vrae, sy behoeftes, sy probleme die toon aangee.

Verder was die medewerkers daarop bedag dat daar in Suid-Afrika nie net protestantse christene woon nie, maar christene verteenwoordig uit alle godsdiensstrominge en sektes. Die bedoeling was om 'n verklaring wat op een of ander wyse alle denkrigtings kan verteenwoordig, daar te stel. Die standpunt is gehuldig dat gereformeerdes nie moet dink dat hulle met hulle intellektuele absolutisme alle waarheid in pag het nie. So is dan die teiken ingestel op lesers so wyd as moontlik op die Afrikaanse spektrum. Dit is ook ronduit gesê, dat alhoewel daar van medewerkers uit die sogenaamde Afrikaanse susterkerke gebruik gemaak is, en verteenwoordigend uit al die groot akademiese sentra van ons land, hierdie eenvolume kommentaar glad nie bedoel is om eksklusief gereformeerd te wees nie.

Een wyse wat tydens hierdie inligtingsgesprek genoem is waar die gereformeerde Skrifbeskouing in die verklaring juis nie gevolg is nie, is dat die Ou Testament nie vanuit die Nuwe Testament verklaar is nie, en ook nie die Nuwe Testament vanuit die Ou Testament nie. So byvoorbeeld dat waar die Nuwe Testament

op verskeie plekke daarvan uitgaan dat die sogenaamde aartsvaders werklike historiese persone was wat op aarde geleef het in en deur wie die Here sy heilsgeskiedenis op aarde ontvou het, het die verklaarders van die Ou Testament oor die algemeen nie die Nuwe Testamentiese verkondiging oorgeneem nie. Dit sou die Nuwe Testament sogenaamd degradeer tot 'n blote kommentaar op die Ou Testament. Die Ou Testamentiese figure is op totaal ander wyse uitgelê, naamlik as simbole en oer-mitiese karakters.

In 'n voëlvlug deur die kommentaar van die Ou Testament kan ons ook duidelik sien hoe die kommentatore hulleself veel eerder op die bronnesplitsingshipotese en op allerlei literêre teorieë van buite die Bybel beroep het as op die integriteit waarmee die Bybelboeke hulleself aanbied. Lees byvoorbeeld hoe die inleiding op Josua die antieke historikus en die bybelse geskiedskrywing sonder onderskeiding identifiseer.

> *'Die skrywer uit die ou Nabye-Ooste interpreteer feite of gebeure. Dan vertel of beskryf hy 'n verhaal om iets oor God of sy verhouding met God uit te druk. In sy interpretasie stel hy die werklike feite soms teenstrydig voor. Hy kan 'n hele verhaal om 'n enkele feit of gebeurtenis of persoon skep. Dit is egter vir hom belangrik om iets oor God te sê. By die antieke historikus is die waarheid nie soseer in die presiese beskrywing van die feite geleë nie, maar in sy vertelling. Teenstrydighede in Bybelse verhale is nie 'n bewys dat sy verhaal onwaar of onbetroubaar is nie. Jy moet net na die teologiese bedoeling van die outeur(s) vra.'* (p. 235).

Waar die Skrifgebonde gelowige sy vertrekpunt uit die inspirasie van die Skrif neem, word immers aanvaar dat dit die Heilige Gees is wat as die Outeur en Skepper van die Skrif optree deur van mensegawes gebruik te maak. Dat dit dan sommer so maklik geskryf kan word dat die mense-outeur 'n hele verhaal rondom 'n persoon skep en dat dit vir die mense-outeur belangrik was om iets oor God te sê, is dan gewoon om die betrokke Bybelboek as boek van God aan ons te misken.

Nog 'n bewys waarin die sentrale openbaringslyn van die Bybel as 'n eenheid weggelaat word, en die verklaring maar bloot op die buitebybelse gegewens rus, is op bladsy 241 waar vertel word waarom Josua die volk Israel met klipmesse besny het. Met die besnydenis kry die volk sogenaamd 'n **nuwe identiteit** (beklemtoning oorgeneem). Die besnydenis is dan 'n ou inisiasiegebruik wat Israel van die volke om hom (onder ander Egipte) oorgeneem het en dit het in 'n godsdienstige gebruik ontwikkel. Hier is blatante weglating van die openbarings-historiese lyn. Die verbondsmatige openbaring daarvan sedert Abraham word gewoon geïgnoreer. Sou Barth dit nie lekker kon vind om hieruit 'n bewys te kry dat die besnydenis maar 'n gewone aardse natuurlike volksteken was nie?

Skrifkritiek is wanneer die integriteit van die Skrif aangetas word en die Woord anders uitgelê word as hoe die Skrif homself aandien. So is dit byvoorbeeld met Rut gedoen: Ek lees op bladsy 296 dat Rut, die Moabietiese vrou met 'n slegte reputasie, met seksuele losbandigheid op die dorsvloer vir Boas met lis gevang het om haar losser te word. Moedswillig word hier juis vir die obskure verklaring gekies, heeltemal anders as die bybelgetroue verklarings tot hier toe. Die strekking van die boodskap van Rut se verbondsgetroue optrede wat soos 'n goue lyn deur die boek gaan, word geheel geïgnoreer om Boas se voete as 'n eufemisme vir sy geslagsdele te lees en daarmee te suggereer dat die eerbaarheid waarmee voorgegee word dat Rut en Boas probeer lewe het, nie die waarheid was nie.

Net so ook in 1 Samuel 8:1-22 soos verklaar op bladsy 311. Die boodskap word deur middel van die sogenaamde waarskynlike bronnehipotese verdag gemaak.

> *'Die verhaal in hoofstuk 8 oor die instelling van die koningskap verskil van die verhaal in hoofstuk 9 en 10. Hierdie twee verhale kom waarskynlik uit twee verskillende bronne,'* meen die kommentator. *'Die verhale is saamgestel uit verskillende bronne wat uit verskillende gebiede en tydperke gekom het. Om hierdie rede is daar ook soms verskille in die strekking van verskillende gedeeltes. Dit gee ons die geleentheid om ook verskillende perspektiewe raak te sien.'*

Die kommentator hanteer die teks nie as die geïnspireerde boodskap van God aan ons nie. Die delikate sorg met die inspirasie van die Heilige Gees speel hierin vir hom geen rol nie. Dis vir hom sommer 'n bundel verhale uit verskillende bronne uit verskillende plekke en tye.

'n Ander opvallende kenmerk van die Bybellennium is dat daar doelbewus afgewyk is van teks vir teks verklaring. Dit is telkens duidelik hoe die verklaring in paragrawe ingedeel is volgens groepies tekste. Dit was uitgangspunt dat die teks nie betekenis het behalwe in sy konteks nie. En meer nog: Wanneer die strekking van die konteks gesnap word, is die teks ook nie eintlik meer so belangrik nie. Wat dan gebeur het, is dat by die groepering van tekste die kommentator self kon besluit hoe hy die verklaring daarvan wil beklemtoon. Op hierdie wyse kon ewe maklik tekste wat nie in sy smaak val nie, of tekste wat nie met sy hedendaagse lewensbeskouïng strook nie, gerieflik geïgnoreer word, en ander wat wel pas met vetgedrukte woorde beklemtoon word.

So is dit nogal opvallend dat daar dwarsdeur die hele geskrif op baie kritiese punte 'n verklaringstrant ingeslaan word rakende die plek en funksie van die vrou in die kerk en samelewing. Genesis 2 se verklaring by die taak en die posisie van die vrou na haar skepping verseg om God se woorde en sy plan met die skepping van die vrou te verklaar. Alleen word die liefdeslied van Adam regstreeks aangehaal. Die verdere verklaring is anti-diskriminasie obsessief. Daar mag net onder geen omstandighede verder vanuit 'n patriargale denksisteem oor die verhouding tussen man en vrou gedink word nie. Dieselfde met die gevolge van die sondeval op die verhouding tussen man en vrou. Die eksplisiete woorde dat die vrou se begeerte na haar man sal wees maar hy sal oor haar heers, word glad nie bespreek nie. Ons lees bloot iets van 'n polêre huweliksverhouding van hunker en heers.

Hierby sluit die verklaarders van die Nuwe Testament aan. Ons lees by die verklaring van 1 Tim 2:9-15 (p. 1635) dat dit glad nie Paulus se doel was om wette neer te lê vir alle gelowige vroue in alle gemeentes deur alle eeue nie. Die **destydse persepsies** (beklemtoning oorgeneem) oor die vrou speel die deurslaggewende rol in die verstaan van hierdie voorskrifte. Paulus het dan blykbaar in Galasiërs 3:28 beklemtoon dat mans en vrouens in Christus **gelyk** (beklemtoning oorgeneem) is. Na my beste wete staan daar dat man en vrou in Christus gelykwaardig is - die kommentator het nie eers die gewone Griekse woordeboek geraadpleeg nie. Ons moet hierby verder waarneem hoe versinde buitebybelse gegewens hier as die 'deurslaggewende' gegewens gebruik word. Die enigste rede waarom die susters moet optree soos wat 1 Timoteus 2:9-15 voorskryf, is sodat *'die inwoners van Efese nie die indruk kry dat Christene die* ***sosiale orde wil ondermyn*** *nie'*. Dit is wat die kommentator skryf. Maar intussen vermy hy die bybelteks self. Die teks van 1 Timoteus 2:13-15 gee duidelik die rede waarom vroue moet swyg en nie heers nie: *'want Adam is eerste gemaak en daarna Eva en Adam is nie verlei nie, maar die vrou het haar laat verlei en het in oortreding gekom, maar sy sal gered word deur kinders te baar, as hulle bly in geloof en liefde en heiligmaking, met ingetoënheid'*. Die kommentator het dit om welke rede ook al verkies om nie die Here se altydgeldende rede erkentlik

aan te neem en te verduidelik nie, maar sy eie self-geïnduseerde, buitebybelse rede wat hyself as tydelik beskou.

Soortgelyk doen die kommentator by 1 Timotheus 3:8-13 waar hy op bladsy 1637 skryf: *'Die feit dat Paulus in sy goedgestruktureerde brief hier ook* ***die gedrag van vroue*** *ter sprake bring* ***(3:11)****, is 'n baie sterk aanduiding dat vroue in Efese ten minste in die amp van diaken gedien het. Dieselfde vier vereistes wat in* ***3:11*** *aan vroue gestel word, word in* ***3:8,12*** *aan diakens gestel - ook in dieselfde volgorde!'* Hoeveel betroubare kommentatore bevestig hierdie 'sterk aanduiding?' Dui die konteks van hierdie spesifieke teks sowel as die skrywe van hierdie brief nie op die dienswerk van vroue in die gemeente nie? En is hier nie eerder 'n sterk moontlikheid dat die vroue bedoel word as die vroue van die diakens nie? Maar die ergste: Hoe klop die kommentator se opmerking dat vrouens as diakens gedien het met die vereiste van 'n diaken in 3:12 - *'Die diakens moet manne van een vrou wees en hulle kinders en eie huise goed regeer'*? Die kommentator het sommer gladweg oor die teks heen gegly en growwe selfgekose eietydse idees hier ingedra.

Dieselfde anti-diskriminasie-obsessie doen homself in die kommentaar van 1 Petrus 3:1-7 voor (p. 1723-4). Die mans (al het hulle dalk moontlik ook 'n nuwe vryheid in Christus ontvang) het blykbaar volgens die kommentator se navorsing bedreig gevoel deur die vrou se nuwe vryheid. Veral omdat dit dan in die samelewing aan wie Petrus skrywe mode en aanvaarbaar was om in die huwelik teen die vrou te diskrimineer. Aan die ander kant is Petrus glo ***'versigtig wanneer hy met die mans praat (3:7)'****. 'Dit beteken egter nie dat hy die evangelie by die mens aanpas nie, maar dat hy strategies te werk gaan.'* Die vraag is egter weereens: Watter gegewens het die verklaring van die paragraaf BEPAAL? Was dit die teks met konteks of was dit die opgesmukte buitebybelse sosio-politiese wensdenke van die kommentator? Die punt is dat Petrus in hierdie hele paragraaf 3:1-6 betreffende sy voorskrif aan die vroue net een keer 'want' skryf. Die kommentator wat die Griekse teks moes raadpleeg en sintakties ontleed, sal weet dat dit by vers 5 is waar Petrus moeite doen om vir sy lesers te verduidelik waar hy aan hierdie idee vir sy voorskrif kom, naamlik uit die Ou Testament en besonderlik die voorbeeld van alle susters se verbondsmoeder in die geloof, Sara.

Dieselfde doen Petrus ook as hy in vers 7 aan die broeders hulle voorskrif gee. Hy laat sy lesers nie in die duister waar hy aan die idee kom om daardie voorskrif te gee nie. Vroue is die swakkere geslag en hulle moet met verstandigheid en met eerbewys behandel word - en die rede daarvoor - 'omdat julle mede-erfgename van die genade van die lewe is'. Met akklamasie gee Petrus weer 'n heenwysing na sy bron wat hom op die idee gesit het. En dit is nie die destydse wêreldidee nie. Dit is die skepping van die mens, en die genadeverkondiging na die sondeval.

Ek het in die raaklees van hierdie enkele kommentaartjies in die Bybellennium rakende die taak en plek van die vrou in die kerk en samelewingstrukture telkens iets van 'n obsessie teëgekom wat die kommentatore vanuit hulle hedendaagse belewing probeer terugprojekteer het na die buitebybelse sosiokulturele leefwyse van destyds, en daarvan weer 'n idiologiese boodskap op die teks oorgedra het, en sodoende die bybelteks self verbygegaan het en misbruik het om die kommentator se antwoord vir die postmoderne mens se vraag te laat buikspreek.

Ek moet hierdie keer harder as die vorige kere roep:

Is dit hoedat teoloë van die GKSA saam met teoloë buite die GKSA met die Skrif omgaan en dit aan die hele Suid-Afrikaanse leserspubliek in die openbaar laat publiseer? Was hierdie teoloë nie al tevore ernstig vermaan om nie buitebybelse gegewens as bepalende sleutel vir die verstaan van die Bybelteks te gebruik nie? Is hierdie teoloë ook werksaam om predikante in die GKSA op te lei?

Ek pleit daarvoor dat ons eenmaal sal ophou volstruis-politiek speel oor hierdie spreekwoordelike adder - Skrifkritiek - wat ons besig is om aan ons boesem te dra. Hier is voorbeelde van ernstige bedenklike Skrifgebruik en 'n publikasie wat beslis nie sonder groot voorbehoude gelees mag word nie.

---

AKTUEEL

# POLEMIEK - 'N MOENIE OF 'N MOET?

**Dr JG Meijer**, Pretoria

**Polemiek? In *Die Kerkblad* antwoord iemand: Dit is 'n moenie. Die Here verbied polemiek. Is hierdie antwoord reg? Of verkeerd? En waarom?**

Dr WC Vergeer lewer 'n oordenking by die Teologiese Skool op 31 Augustus 1999. Sy oordenking verskyn in *Die Kerkblad* van 9 Februarie 2000[1]. Die onderwerp waaroor die oordenking handel? Polemiek.

Dr Vergeer is bekommerd oor die toename van polemiek 'in verskeie vergaderings, nuusbriewe, pamflette, sommige briewe en artikels in *Die Kerkblad* en selfs in bydraes in die openbare pers soos *Beeld*'. *Waarheid en dwaling* word spesiaal in hierdie verband genoem. Ons blad - sê dr Vergeer - 'omhels openlik polemiek as metode om meningsverskille tussen gelowiges te hanteer'. Ek stem nie met dié karakterisering van *Waarheid en dwaling* saam nie. Maar dit slegs terloops.

Waarom is dr Vergeer oor die toenemende polemiek bekommerd? En waarom skeer hy alle polemiek in woord en geskrif oor een kam? Antwoord: Polemiek is volgens hom nie "n Bybelse manier' vir die hantering van meningsverskille nie.

## Dr Vergeer veroordeel polemiseer

Dr Vergeer skryf: 'Die styl van polemiek is vyandig, argumentatief en verdelend'. Jakobus 4:1 en 4 suggereer dat 'polemisering deel is van die ou mens wat 'n vyand van God is'. Die lewe in vrede met God[2] kom deur polemiek 'in gedrang'. 'Indien die kerke in hierdie metode volhard, kan daar niks goeds van kom nie.' Die outeur verwys waarskuwend na die kerkstryd van die veertigerjare in Nederland. Toe 'het polemiek toenemend 'n rol gespeel in die versplintering van Gereformeerde kerke'.

Dr Vergeer onderstreep sy veroordeling van polemiek met die volgende stellings: Die Here Jesus polemiseer 'nooit gedurende sy lewe op aarde nie. Hy beveel ook nie sy volgelinge om te polemiseer nie. Die apostels polemiseer nie'.

[1] p. 6-7,10.
[2] Rom 5:1.

Dit is 'n ernstige veroordeling. As dr Vergeer die waarheid praat, dan kom *Waarheid en dwaling* se polemiese artikels uit die ou mens voort. Dan bring die redaksie die vrede met God in gedrang en werk hy vyandig, verdelend, kerkverwoestend. Dan volg die redaksie en sommige skrywers nie die Here en die apostels na nie, maar dan tree hulle eiesinnig op.

Praat dr Vergeer die waarheid? Hy beskuldig ernstig. Maar ... enige bewys ontbreek! Nie een van sy aantygings word met enige voorbeeld uit enige artikel gestaaf nie. Daar kom nog iets by. Die redaksie het sy beleid oor polemiek reeds enkele maande voor dr Vergeer se toespraak by die Teologiese Skool gepubliseer.[3] Ons bestryder noem dit nie, weerlê dit nie. Hy veroordeel sonder bewys en sonder om ons redaksionele beleid selfs maar te weeg. Sy openlike oordeel by die Teologiese Skool en in *Die Kerkblad* is derhalwe 'n onverhoorde en ligtelike veroordeling, in stryd met die negende gebod.[4]

Hoe kom dr Vergeer tot sy gedagtegang oor polemiek? Sy antwoord lui: Uit 'n studie oor die brief aan die Romeine. Daar sit egter 'n crux, 'n haakplek, in die loop van sy gedagtes. Hy onderskei nie voldoende tussen fundamentele en nie-fundamentele sake nie en gevolglik nie tussen goeie en slegte polemiek nie. Sodoende tref sy 'vermaning' aan die hand van Romeine 14 nie. Dit word onder die volgende opskrifte verduidelik.

## Fundamentele en nie-fundamentele sake

Dr Vergeer tipeer uiteenlopende gedagtes binne die GKSA op twee maniere. Enersyds praat hy oor 'verskille', 'meningsverskille', 'eie standpunte' en 'interpretasies'. Hierdie vier woorde dui nie-fundamentele sake aan soos in Romeine 14:1-12 beskryf word: Daar is sterkes en swakkes in die geloof. Die swakkes leef as vegetariërs. Hulle eet net groente. Die sterkes eet ook vleis. Die swakkes neem sekere dae (waarskynlik vasdae) waar. Vir die sterkes is alle dae eenders. Hulle vas nie.

In hierdie situasie dreig die gevaar dat die sterkes die swakkes verag en dat die swakkes die sterkes veroordeel.[5] Die Heilige Gees sê in hierdie verskil: Verag die ander nie en oordeel nie oor jou naaste nie. 'Laat elkeen in sy gemoed ten volle oortuig wees'.[6] Broeders en susters moet mekaar nie met nie-fundamentele sake kwel nie. Swakkes mag sterkes nie veroordeel nie. Sterkes moet nie die swak 'broeder 'n hindernis of struikelblok in die weg lê nie'.[7] Nee, 'op ons wat sterk is, rus die verpligting om die swakhede te verdra van die wat nie sterk is nie',[8] sodat die gemeente in sy geheel die Here toegewyd kan dien.

Let wel: Romeine 14 handel oor die optrede in verskille oor nie-fundamentele sake. Maar wat as daar nie *op* die fondament, maar *oor* die fondament onenigheid ontstaan? Dan bestaan daar nie maar 'n onderlinge *verskil* nie, maar 'n *geskil*. Dr Vergeer maak van die geskil in enkele reëls melding. Dit is die 'andersyds' in sy artikel. Hy sê: 'Die polemiek het inderdaad die afgelope drie jaar belangrike sake aan die orde gestel. Die liefde vir ... die suiwere leer, asook die waaksaamheid teen dwaalleer, is edele motiewe wat elke Gereformeerde na aan die hart moet lê.'

In verskille oor nie-fundamentele sake geld die reël van Romeine 14 en 15: Aanvaar mekaar. Neem mekaar aan, soos Christus ons aangeneem het, tot heerlikheid van God.[9] In leergeskille geld 'n ander reël, dié uit Romeine 16: 'Hou hulle in die oog wat tweedrag en aanstoot veroorsaak teen die leer wat julle geleer het, en vermy hulle'.[10] Dr Vergeer verwys wel na hierdie reël, maar verwerk dit nie in sy artikel nie.

## Ondoeltreffende vermaning

Dr Vergeer pas Romeine 14 toe in die beoordeling van polemiek oor fundamentele geskille. Romeine 14 handel egter nie oor fundamentele geskille nie. Daarom tref sy vermaning nie. Hier sit die crux in sy verhaal. Nie Romeine 14 nie maar Romeine 16:17 en ander Skrifgedeeltes werp die Skriflig op die vraag oor die regmatigheid van polemiek.

Die 'blind-staar' op Romeine 14 lei onder meer tot die stelling dat ons Heiland en sy apostels nooit gepolemiseer het nie. Kom ons kyk in die bestek van hierdie artikel na enkele sprekende voorbeelde.

## Polemiek in die Skrif

Onmiddellik na die sondeval stel die Here vyandskap tussen sy volgelinge (die saad van die vrou) en die duiwel se volgelinge (die saad van die slang).[11] Hy kondig voortdurende stryd (polemiek) aan. Sy volgelinge getuig, tree in die regsgeding van God met die wêreld as sy getuies op. As talle mense uit die geslag van Set die verworde Kains-geslag navolg, profeteer Henog teen hulle goddeloosheid.[12] Na en in aansluiting by hom tree Noag op, 'die prediker van geregtigheid'.[13] Henog en Noag - profete wat in hulle dae teen openlike afval polemiseer.

Die Here waarsku in sy wet teen die valse profesie.[14] Valse profete wat uit hul eie hart praat, die Woord by die wil van die sondige mensehart aanpas, moet onderken, bestry en gedood word.

Die profesieë staan vol verweer (polemiek) teen die valse profesie. Ek adviseer dr Vergeer en belangstellende lesers om die grondige akademiese proefskrif van GCh Aalders hieroor te raadpleeg.[15] Dit sal wel in die biblioteek van die Teologiese Skool verkrygbaar wees.

Enkele voorbeelde: Die polemiese profesieë van Miga oor die ondergang van Agab teen Sedekia en sy omtrent vierhonderd valse profete[16] en van Jeremia teen die valse profeet Hananja.[17] Valse profesie kom nog na die ballingskap in Israel voor. Sagaria profeteer (polemiseer) daarteen.[18] In die boek van die Psalms word sterk teen goddeloosheid en goddeloses op die erf van God se verbond gepolemiseer. Party van die onregverdiges word by name genoem.

Het ons Heiland nooit gepolemiseer nie? En sy apostels ook nie? Waarskuwings teen die valse profete klink dwarsdeur die Nuwe Testament.[19] In die bestek van hierdie artikel volg weer enkele voorbeelde. Die Here waarsku indringend en openlik teen die suurdeeg, die leer van die Fariseërs en Sadduseërs.[20] Hy polemiseer openlik teen die Fariseërs en wetgeleerdes in sy

[3] Sien 'Polemiek' in *Waarheid en dwaling* 5(4), April 1999:1.
[4] Sien HK, antw. 112.
[5] Rom 14:10.
[6] Rom 14:5.
[7] Rom 14:13.
[8] Rom 15:1.
[9] Rom 15:7.
[10] Rom 16:17.
[11] Gen 3:15.
[12] Jud 14-15.
[13] 2 Pet 2:5.
[14] Deut 13 en 18:15-22.
[15] GCh Aalders. *De valsche profetie in Israel* (academisch proefschrift, Vrije Universiteit). Wageningen: Zomer, 1911.
[16] 1 Kon 22:17-28.
[17] Jer 28.
[18] Sag 13:3-6.
[19] Sien onder meer Matt 7:15; 24:11,24; Mark 13:22; Luk 6:26; Hand 13:6; 2 Pet 2:1; 1 Joh 4:1; Op 16:13; 19:20; 20:10.
[20] Matt 16:6, 11-12; Luk 12:1.

'wee julle'-rede.[21] Die hele brief van die apostel Paulus aan die Galasiërs is een polemiek teen die dwaling van die Judaïste. Judas skryf 'n polemiese brief. Tot in die laaste Bybelboek polemiseer die Here openlik, in sy briewe aan sewe gemeentes, onder andere teen die dwaling van die Nikolaïete.[22]

## Polemiek in die belydenis

Die kerke loop in hulle belydenisskrifte in die voetspoor van die Skrif. Allerlei dwalings word in die Heidelbergse Kategismus en die Nederlandse Geloofsbelydenis afgewys. Die Dordtse Leerreëls is uit en uit polemies. In elke hoofstuk volg na die belydenis van die skriftuurlike leer die 'verwerping van die dwalings waardeur die Nederlandse kerke 'n tyd lank in beroering gebring is'.

## Regte en slegte polemiek

Dr Vergeer wys polemiek as sulks af. Die redaksie van *Waarheid en dwaling* onderskei tussen regte en slegte polemiek. Slegte polemiek bevat 'neerhalende opmerkings oor die betrokke persoon of instansie'. So 'n polemikus 'bedryf en bevorder openbare sonde teen die negende gebod. Ook die onsuiwer weergawe van die ander se standpunt of van die kwessie in bespreking druis teen die negende gebod in'. Polemikusse wat net nee sê en wie se skryfwerk oorloop van kritiek, ondersteun ontevredenheid, wakker net beswaardheid en bekommernis aan. Hulle bevorder 'ondankbaarheid en verhinder die lesers om dankbaar voor God se aangesig te lewe'.[23]

Regte polemiek ontstaan uit liefde vir die Here en sy Woord. Die bron van die Woord mag nie vergiftig word nie. Dit beteken die dood van Gods volk. Die gelowige polemikus is ook fyn gevoelig. Die woorde van Judas 22-23 beheers sy polemiese werk: 'Aan sommiges wat twyfel, moet julle barmhartigheid bewys; maar ander moet julle met vrees red deur hulle uit die vuur te ruk'.

Bewys aan twyfelaars barmhartigheid deur hulle te wys op die doodlooppad van die dwaling. Roep hulle in liefde terug na die heilsame Woord. Bewandel veral nie in hierdie stadium die weg van formele aanklag in 'n kerklike vergadering nie. Aanbevelings in ons midde om by afwyking onmiddellik die kerklike weg te bewandel, is nie liefdevol nie. Dit verhinder ons om deur gesprek in die pers (polemiek) en andersins barmhartigheid te bewys.

Ander moet met vrees (om ook deur dwaling besmet te word) gered word deur hulle uit die vuur te ruk. In hierdie geval word dwaling volgehou. Na liefdevolle vermaan word nie geluister nie. In hierdie stadium bewandel ons die kerklike weg. Die klag word nou 'n aanklag. En nog is die doel: die behoud van die betrokkene. Dit gaan om hom of haar redding.

Die doel van regte polemiek is drievoudig: Die eer van ons heilige God (sy Woord mag nie ontheilig word nie), die behoud van hom of haar wat openlik teen God se wil optree, en derdens die tydige waarskuwing van Gods volk om nie in die gepropageerde kwaad te verval nie.

## Polemiek is 'n moet

Dr Vergeer sê: Polemiek is 'n moenie. Die Here gee behalwe die bogenoemde en ander voorbeelde in die Skrif die uitdruklike opdrag om te polemiseer. Daar dreig gevaar. In ons tyd word Skrifgesag aangetas. Skrifgeloof word op allerlei maniere ondermyn.[24] Dit gebeur openlik, in koerante, tydskrifte en byeenkomste. Bewyse daarvan word nie weerlê nie. Die wag op Sion se mure (ons ampsdraers) ontvang die roeping: Blaas met die basuin. Maak die volk van God weerbaar teen die aanvalle. Die Here dreig: As die wag nie met die basuin blaas nie, 'sodat die mense nie gewaarsku is nie, en die swaard kom en neem 'n siel uit hulle weg - dan is hy deur sy ongeregtigheid weggeneem, maar sy bloed sal Ek van die hand van die wag eis'.[25]

Jesaja verwyt die voorgangers van sy dae openlik, in naam van die Here: 'Hulle wagte is almal blind, hulle merk niks nie; hulle is almal stom honde wat nie kan blaf nie'.[26] Die voorgangers bestry openlike kwaad nie openlik nie.

Dr Vergeer sê: Geen polemiek nie. Handel ooreenkomstig die reël van Matteus 18. As iemand openlik van die Skrif afwyk en dit publiseer, vermaan die broeder of suster onder vier oë. Die volk wat belaag word, mag nie direk gewaarsku word nie. So gee hy aan die dwaling ten minste tydelik vry spel. Hy verbied die hond om betyds te blaf, die wag om betyds met die basuin te blaas, tot behoud van Gods volk.

Wat dr Vergeer verbied, word in die Skrif gebied. Die Heilige Gees beveel in die testament van die apostel Paulus (sy tweede brief aan Timoteus) elke voorganger in die kerk: 'Verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig'; bou op en vergeet daarby nie om op die kansel te polemiseer nie; 'weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering; want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hulle gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels. Maar wees jy in alles nugter; ly verdrukking; doen die werk van 'n evangelis; vervul jou bediening.'[27]

Mag die Here aan ons voorgangers die nodige krag gee om sy volk sowel op te bou as weerbaar te maak in die geloof. Regte polemiek maak weerbaar. Noodsaaklik weerbaar.

---

[21] Luk 11:37-54.
[22] Op 2:6,14-15; vgl. 2:20-24; 3:4,9.
[23] 'Polemiek' in *Waarheid en dwaling* 5(4), 1999:1.
[24] Sien polemiese artikels in vorige jaargange, asook die bespreking van die *Bybellennium* vanaf die Januarie-nommer en ook die artikel 'Reaksie op die vaste fondament' in hierdie nommer van *Waarheid en dwaling*.
[25] Es 33:6.
[26] Jes 56:10.
[27] 2 Tim 4:2-5.

***Graag wil ons die intekenare wat nog nie hul intekengelde vir 2000 inbetaal het nie, herinner om dit asseblief so gou as moontlik te doen.***

***Ons stuur geen rekeninge nie om onnodige onkoste te bespaar***

***Van die administrasie***

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort

# ONDERTEKEN GELOOFSVERKLARING 2000!

*Die Kerkbode*, amptelike koerant van die NG Kerk, het aan die einde van 1999 die reeds bekende Geloofsverklaring 2000 gepubliseer. Deelname aan die opstel van die verklaring was nie beperk tot teoloë van die NG Kerk alleen nie. Daar is van meet af aan gepoog om al die Afrikaanse kerke op gereformeerde grondslag te betrek, ook teoloë van die GKSA. Uit die lys van medewerkers, wat aan die einde van die verklaring deurgegee word, blyk dat medewerking uit ses kerke verkry is: die NG Kerk, Verenigende Gereformeerde Kerk, NG Kerk in Afrika, Reformed Church in Africa, NH Kerk en GKSA. Medewerking is in persoonlike hoedanigheid verleen.

Oor die inhoud van die Verklaring is reeds heelwat gepraat en geskryf, onder andere in die redaksionele artikel van *Die Kerkblad*, 12 Januarie 2000. Die laaste woord hieroor is beslis nog nie gesê nie. Oor die status van die dokument is daar egter nog weinig gesê.

Geloofsverklaring 2000 bied 'n spesifieke ruimte om instemming te betuig. Die dokument sluit soos volg af:

*Ja, ek onderskryf Geloofsverklaring 2000 met my handtekening!*

*Teken hier:............................*

*Datum:............................*

Dit is nie uit die verklaring self duidelik of die ondertekende dokument iewers heen gestuur kan word as teken van instemming, en of dit gewoon in besit van die ondertekenaar bly nie. Nietemin lê die aksie 'ja, ek onderskryf!' op dieselfde vlak as aflegging van openbare geloofsbelydenis: 'ja, ek glo!' En die onderteken van hierdie dokument lê duidelik op dieselfde vlak as wanneer ampsdraers in die besondere ampte bevestig word. Dan moet hulle die Drie Formuliere van Eenheid onderskryf en onderteken (artikel 53 kerkorde).

Die betekenis van die 'ja, ek onderskryf Geloofsverklaring 2000 met my handtekening' is veelseggend en ingrypend. Jy is van harte verbind tot dit wat jy onderteken. Jy staan daarvoor, en dra dit uit. Jy verdedig dit as dit aangeval word. Jy kan aangespreek word as jy jou roeping versaak.

Tog bly die vraag onbeantwoord: Hoe moet die ondertekening van Geloofsverklaring 2000 verstaan word?

# GELOOFSVERKLARING 2000 DALK 'N BELEIDSDOKUMENT

In verband met die onbeantwoorde vraag verskyn die volgende berig in *Die Kerkbode* van 4 Februarie.

*Geloofsverklaring 2000 kan dalk 'n beleidsdokument van gereformeerde kerke in Suid-Afrika word soos wat 'Kerk en Samelewing' byvoorbeeld 'n beleidsdokument van die NG Kerk is. Dit is die mening van dr Johan Buitendag, voorsitter van die Wes-Kaapse Raad van Reformatoriese Kerke (WARK). Die WARK bestaan uit Wes-Kaapse verteenwoordigers van die drie Afrikaanse Susterkerke (Ned Hervormde Kerk, Geref Kerke en NG Kerk). Dr Buitendag sê Geloofsverklaring 2000 is 'n mengsel van die drie algemene simbole in die kerk (die Twaalf Artikels, die Geloofsbelydenis van Athanasius en dié van Nicea), die drie formuliere van eenheid (die Heidelbergse Kategismus, die Dordtse Leerreëls en die Nederlandse Geloofsbelydenis), sowel as van sommige beleidsdokumente. Die moontlikheid van Geloofsverklaring 2000 is aanvanklik op vergaderings van die WARK genoem en daarna het Die Kerkbode die inisiatief geneem om die proses af te handel. Die WARK sal waarskynlik onder meer deur middel van die Tussenkerklike Kommissie van die Susterkerke die saak wil verder voer, het dr Buitendag gesê.*

# GELOOFSBELYDENIS 2000?

Dr Frits Gaum, redakteur van *Die Kerkbode* en eindredakteur van die Geloofsverklaring, skryf 'n week later in *Die Kerkbode* (11 en 12 Februarie) die volgende oor die status van die verklaring.

*Geloofsverklaring 2000 ... het dit oor die vraag wát ons 2000 jaar (of 'n bietjie meer) na Christus glo. Die 'ons' synde moderne Christene, nader bepaal moderne gereformeerde Christene, wat sekerlik nie meer presies oor alles glo soos wat Christene vyftig of honderd of vyf honderd jaar gelede geglo het nie. Die rede daarvoor is, enersyds, dat die omstandighede in 'n postmoderne wêreld drasties verander het (terwyl 'n mens natuurlik moet waak teen 'n soort situasie-geloof waar die omstandighede bepaal wat jy glo) en, andersyds, omdat die Here die kerk (dit wil sê, die gelowiges) algaande tot nuwe en ander insigte oor bepaalde sake lei. Dink in dié verband aan slawerny waaroor in Bybelse tye ánders geoordeel is as die kerk later jare.*

Dr Gaum haal dr Willem de Klerk (Die vreemde God en sy mense) instemmend aan:

*Die Christelike kerk moet in die lig van die nuwe kultuur van ons tyd, nuwe bevindinge van Bybelwetenskappe, die nuwe problematieke en aktualiteite van die geloof aan die einde van die twintigste eeu 'met nuwe oë kyk na sy leer, sy belydenisskrifte en sy kerkpraktyk. Die ou, ou waarhede moet herbesin, herformuleer en herinterpreteer word. Nie net die kerk as instituut het hervorming nodig nie, maar die oorgelewerde kerkleer moet ook in sekere uitlegte en beklemtoninge weer oorweeg word!' De Klerk meen dat dit 'n agenda is wat 'n dekade of twee in beslag kan neem. 'n Mens hoef nie met alles in De Klerk se boek saam te stem nie, om te besef: hier slaan hy die spyker op die kop. Nuwe tye vra nuwe formulerings, nuwe tye vra antwoorde op nuwe vrae. Die kerk behoort nooit op te hou om ons geloof in die lig van die Bybel en onder die leiding van die Heilige Gees nuut te verwoord nie: deur die prediking, deur standpuntstellings, verklarings ... belydenisskrifte.*

Dr Gaum sluit sy artikel soos volg af:

*In die gesprek oor ons geloof en oor wat ons as Bybelse waarhede bely, moet een en almal betrek word. Almal moet die kans kry om hulle sê te sê en hulle menings moet ernstig bejeën word. Daar moet altyd onthou word dat 'n belydennisskrif (as dit op die ou end op so iets sou uitloop) in eerste en laaste instansie vir lidmate bedoel is, nie vir teoloë nie. 'n Eietydse belydenisskrif moet in eietydse taal oor die groot dade van God en oor ons geloof in Hom praat.*

*Dalk, wie weet, is Geloofsverklaring 2000 die eerste tree in die rigting van 'n belydenisskrif vir (gereformeerde) Christene van die een en twintigste eeu. Ten spyte van al die struikelblokke onderweg na belydenisvorming!*

# VRAAGTEKENS OOR STATUS VAN GELOOFSVERKLARING 2000

Dit is reeds genoem dat die laaste woord nog nie oor die inhoud van Geloofsverklaring 2000 gesê is nie. Elke onderdeel daarvan moet die toets van die Skrif en die gereformeerde belydenis deurstaan.

Maar daar moet ook eerlik nagedink word oor die plek van hierdie verklaring in die kerklike lewe. Die mikpunt word duidelik in die kerklike pers weerspieël: vanaf 'n (persoonlike) geloofsverklaring moet gestreef word na 'n (kerklike) beleidsdokument. En vanaf 'n kerklike beleidsdokument ('n term wat vreemd op die gereformeerde oor val), word gestreef na die opstel van 'n belydenisskrif.

Oor hierdie mikpunt moet ernstig besin word. Talle vrae kom na vore, waaronder:

- Is Geloofsverklaring 2000 werklik 'n samevatting van die bestaande gereformeerde belydenisskrifte?
- Indien wel, hoekom is die bestaande belydenisskrifte dan nie meer goed genoeg nie?
- Indien nie, waarin skiet die bestaande belydenisskrifte tekort?
- Watter bewyse is daar dat die 'moderne christen' nie meer dieselfde glo as die christene van 50 en 500 jaar gelede nie? Glo ons dan nie aan *een* heilige, algemene christelike kerk, wat deur al die eeue gebou is op die fondament van die waarheid nie?
- Leef die bestaande kerklike belydenis nog in die harte van die kerkvolk?
- Word die leer van die kerk nog deeglik onderrig tydens katkisasie en by wyse van Kategismusprediking?

Die vrae vermeerder. Daarmee saam die vermoede dat onkunde oor die bestaande belydenis lei tot soeke na iets nuuts. Een saak staan vas: as die inhoud van hierdie verklaring behoorlik geweeg is, moet daar ook 'n duidelike uitspraak kom oor die plek daarvan in ons kerklike lewe.

# GEREFORMEERD IN AFRIKA

Dit is verblydend om te merk hoe daar vanuit Suid-Afrika hoe langer hoe meer gekyk word na die uitdra van die evangelie in ander Afrika-lande. Kerklike korrespondensie met gereformeerde kerke wêreldwyd is uiteraard van groot belang. Daar word baie in die kerkverband gedoen om dit in stand te hou en uit te brei. Tog woon ons in Afrika, en is Afrika ons eerste roeping.

In *Kompas* van Februarie 2000 skryf Menno van Hulst sy persoonlike indrukke oor die byeenkoms van die IKGK (Internasionale Konferensie van Gereformeerde Kerke), wat te Lofdal gehou is. Ongeveer dertig verteenwoordigers van gereformeerde kerke uit die Kongo, Suid-Afrika, Uganda en Benin het daar byeengekom. Weens omstandighede kon verteenwoordigers van Nigerië, Kenia en Uganda nie die konferensie bywoon nie.

*Wat my persoonlik betref was die lesing van die Nigeriaanse teoloog, dr Turaki, en die daaropvolgende bespreking 'n hoogtepunt. Turaki het politiek in Afrika onder die loep geneem. Hy het tot die gevolgtrekking gekom dat daar in min lande in Afrika sprake is van goeie bestuur... In die Bybel is daar baie verwysings oor goeie bestuur (good governance). Keer op keer word korrupte maghebbers en omkoopbare regters deur die profete namens God oor die kole gehaal. Christene moet in die politieke debat aandring op goeie bestuur... Juis die gereformeerde kerke het nog altyd bely dat die lewe een is. 'n Natuur-genade skema waarby politiek tot die ryk van die natuur en die kerk tot die ryk van die genade behoort, wys ons kragtig af. Moet die kerk nie profeties spreek in 'n land waar byvoorbeeld die regspraak onder die voete vertrap word nie?*

Daar was ook 'n lesing oor etiek en arbeid, tyd en ekonomie. *Uit 'n onlangse ondersoek blyk dat daar op skole in Transkei 190 dae per jaar klas gegee kan word. As gevolg van verskillende redes wys die praktyk egter dat daar nie meer as 23 dae hiervoor gebruik word nie. Dit is geen verantwoordelike gebruik van die tyd wat deur God gegee word nie.*

Met betrekking tot huwelik, gesin en opvoeding skryf Van Hulst: *daar is vasgestel dat dit onbybels is om die opvoeding van die kinders net aan die vrou oor te laat. Dit gebeur dikwels dat mans vyf/ses dae lang ure werk, en saans nog kerkraadsvergaderings of ander belangrike take het. So bly daar min tyd oor vir die opvoeding van kinders. Van hierdie verkeerde praktyk moet ons ons 'bekeer', net soos wat baie mense binne die Afrikakultuur hulle moet bekeer van 'n onbybelse lewensstyl.*

Spesiale aandag is gevra vir die enorme VIGS-probleem. *Een van die aanwesiges het gewys op die sterk groeiende getal VIGS-weeskinders. Is hier nie 'n duidelike taak vir die gereformeerde kerke nie? Hierdie kinders kan in kinderhuise opgevang word en 'n goeie christelike opvoeding ontvang. Die kerk en christelike organisasies moet verantwoordelike voorligting gee oor hierdie vreeslike siekte.*

Tot sover Menno van Hulst se indrukke oor die IKGK.

In verskillende kerklike tydskrifte word ook melding gemaak van uitreik-aksies na Afrika-lande. Tydens sulke aksies word Bybels versprei, gesprekke gevoer en geloofsbande gesmee. So word in *Die Kerkblad* van 12 Januarie vertel van 'n Bybelverspreidingsprojek in Zimbabwe. 'n Jongman in Bulawyo het - na 'n gesprek wat met hom gevoer is - opgewonde gereageer: *I am so glad God sent someone to give me a Bible! My work for today is complete. I'm going home!*

*Julle is gestuur, die Here het julle gestuur - was die reaksie van 'n ander man by 'n Afrika-kunswerkstalletjie nadat aan hom berig is dat Bybels vir hom saamgebring is.*

Die oes in Afrika is groot. Die werk is baie. Voortdurende voorbidding vir sendingwerk is onmisbaar. En daarmee saam deeglike, verantwoordbare beplanning. Geen tref-en-trap aksies om 'siele te wen' nie. Wel bande smee met reeds bestaande kerke op gereformeerde grondslag. En sendingwerk waar nog geen christendom is nie. Dit is duidelik dat die gereformeerde stem onmisbaar is in Afrika.

Naskrif: die deputate van die nasionale sinode wat gemoeid is met ekumeniese sake en sending, het 'n Afrika-kantoor gestig wat al die gereformeerde kerklike werk in Afrika gaan koördineer en stimuleer. Ds. Naas Ferreia van die Gereformeerde Kerk Magol (tel. 014 763 4895, e-pos **naasfer@lantic.net**) of dr Flip Buys van Mukhanyo Teologiese Kollege (tel. 012 734 4797) kan in verband hiermee gekontak word.